

KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 95 9 September 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Die twee spore, treine en een stasie.

Daar is twee spore en twee weë met twee treine, maar net een **vaste** stasie beskikbaar. Die twee treine se twee spore is vir mekaar gemaak. Die een trein en sporsisteem se naam is 'effektief 21e eeu'. Sy byname is 'meerderheid, polities-korrektheid en humanisme'. Die stasies is iets tussen sosiale geregtigheid en 'n beter bedeling vir reg-gesteldes. Die ander trein en spoor se naam is '**konsensus**'. Die stasie se naam is **EWIGHEID**. Watter trein of sisteem gaan die reisiger by die (enigste) ware eindbestemming uitbring?

Tydens die GHG se Bondsvergadering opening het ds. Frans Marais se openingspreek op treffende wyse die gemeente se gedagtes aan die gang gesit. Sy verwysing was na reisigers en die oorgange tussen stasies en treine om suksesvol te kan reis en die gewenste eindbestemming te kan bereik. Sy boodskap dat God die pad ken en dat ons op Hom kan vertrou, was goed oorgedra. Lees gerus 'n volgende uitgawe van KOERS in leer- en lewenskweptes vir die volledige teks van die preek.

Vele wysgere het al beweer dat dit nie die eindbestemming is wat belangrik is nie, maar die reis self. Eintlik is die eind-

bestemming bepalend en moet die reis daarvolgens aangepas word. Ons bely elke Sondag dat ons glo in die lewe van die toekomstige eeu (ewige lewe). Dit is waarheen ons eintlik op pad is. Intussen moet ons die reis hier so aanpak dat ons die eindbestemming altyd in ons denke sentreer. Aan die een kant kan ons die lewe as die enigste toevalligheid verstaan. Dan is ons reis deur die lewe 'n gejaagde reis van stasie tot stasie, van trein tot trein. Dan is ons wagwoorde; effektiwiteit, meerderheid, doeltreffendheid. Dan is ons begeerte om hierdie bedeling so goed moontlik te maak omdat dit alles is wat ons het. Dan is die **politiek van die dag** van uiterste belang. Dan kom sogenaamde sosiale geregtigheid op die agenda as sentrale punt. Dan word ons gedwing tot **politieke korrektheid**. Dan is ons deel van die NHKA en soortgelyke groepe. Mense wat nie gemaklik is met die trein of die reis nie, word verguis, verneder, as 'n slegte mens uitgeskel. Die stasies agtertoe is vol mense wat **gewoon afgeklim** het.

Die trein en spoor van konsensus is stadig en frustrer soms die mens van die 21e eeu. Konsensus maak dat ouderlinge soms uitstap en vra of daar vordering is. Konsensus maak dat besluite weer en weer uitgestel word. Nie om dalk die meerderheid

te swaai nie (soos baie in die verlede al gebeur het nie), maar om **tyd te gee** sodat daar tot by die punt van konsensus gekom kan word. Konsensus in **gehoorsaamheid** aan die Woord, is die bewegingsmotief. Vir hierdie werklikheid word **herhaaldelik** gepraat en redeneer. Dit moet telkens ons ideaal wees: Om te kan kom by die punt waar gestel word, dat in 'n skrywe met oortuiging gestel kan word: "Ons en die Heilige Gees het besluit" God is in beheer. Hy ken die pad. Ons kan rustig wees in die reis. Ds. Marais se prediking uit Psalm 139 het weer **dít** bevestig. Ons reis met Hom wat die pad ken en daarom **begin besluite by luister**. Konsensus dui in die rigting van die leiding van die Heilige Gees. Dit wil lyk asof konsensus die beter trein is om te kies

BERIGTE

- Die Bondsvergadering was 'n reuse sukses. Baie geluk aan almal betrokke by die reëlings. Grootvlei het moeite gedoen om almal vriendelik te ontvang, heerlik te trakteer en tuis te laat voel. Die gesprekke tydens die vergadering was goed en bydraes wel deurdag. Ds Frans Marais het hom goed gekwyd van sy taak as voorsitter. Die notule van die Grootvlei Bondsvergadering sal op **14 Oktober** tydens die **dagbestuur** se vergadering gefinaliseer word.
- Die GHG Dames se byeenkoms was net so geslaagd. Die voorsitter se verslag sal in die volgende uitgawe van Koersvas verskyn
- Ds Piet van der Merwe het aangedui dat daar op 25 November 2016 'n dinee sal wees waartydens prof HG van der Westhuizen se bydraes tot die kerk gehuldig sal word. Besonderhede sal gepubliseer word sodra alle sake beplan en bespreek is.
- Die dagbestuur sal by sy vergadering van 14 Oktober bevestig waar die 2017 vergadering sal plaasvind.

KENNISGEWINGS

• GELOOFSBONDKWILT 2016

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Die kwilt is voltooi. Dankie vir al die gemeentes wat blokke ingestuur het.

Lootjielyste is beskikbaar en kan bestel word by Ella Joubert per adres:

ella@teamworkprinters.com.

Advertensies

- Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg: https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

• Vakansiekompetisie: Premiermyn

Ondersteun gerus Premiermyn se vakansiekompetisie en gaan rus by die Wildekus. Daar is 'n eerste, 'n tweede en 'n derde prys te wen. Twee vakansies te Port Edward of 'n week in die Langkloof is die tweede en derde pryse.

• BASAAR: Meyerspark Hervormde Kerk

Saterdag 10 September 2016 vanaf 09:00

Kom wen: Luukse vakansie in 'n huis op die dorpie Elysium (tussen Scottburgh en Hiberdeen) en luukse vakansie in Marlothpark

Kom beleef: *Helikopter Simulator*

Kom kyk: *Mercedes demonstrasie*

Kom eet: *Pannekoek, jafels, kerrie-en-rys, poedings, lekkergoed*, ens...

Kom koop: *Wit olifante*

Kom speel: *Springkasteel, waterglybaan*.

E-pos: hkmeyerspark@lantic.net of
frans.oosthuizen@geloofsbond.org.za of
 Tel: 012 803 7528 / 071 889 2175

- **Oornag fasiliteite** by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- **Geloofsbondpreke**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

- **Drukwerk**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com



BASAAR
10 Sept.
09:00 vm.



Herv. Kerk Meyerspark
Havelock Str. 15
Wilgerpark
Navrae: 071 889 2175



BASAAR
10 Sept.
09:00 vm.



Herv. Kerk Meyerspark
Havelock Str. 15
Wilgerpark
Navrae: 071 889 2175

MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DRIE VAKANSIES TE WEN

1ste Prys: 7 Dae vir 4 persone by Eden Palms, Palm Beach, Port Edward

2de Prys: 7 Dae vir 4 - 6 persone by Mer Bleue, Port Edward

3de Prys: 5 Dae vir 6 persone op 'n gasteplaas naby Joubertina in die Langkloof, Oos-Kaap

Trekking:
13 November 2016

Kontak Hans Esterhuizen
vir verdere besonderhede by
084 581 2905